# HOOFSTUK V.

## ONDERWYS

**Die Vroegste Tydperk.**

Reg deur die Oranje-Vrystaat was die onderwys uiters gebrekkig gedurende die eerste helfte van die vorige eeu. Formele onderwys was daar nie; ouers het self met hulle eie gebrekkige skoolagtergrond die kinders tuis onderrig. Die hoofdoel was om die Bybel te kon lees, 'n bietjie te kon skryf en die eenvoudige tel- en rekenwerk te bemagtig wat vir daardie tyd vereis was. Dit was die algemene gebruik om jongmense toe te laat om geloofsbelydenis af te lê eers as hulle kon lees en skryf, derhalwe was dit 'n belangrike aansporingsmiddel vir die onderwys.

In 1854 het die Vrystaatse Republiek tot stand gekom en is dit in die grondwet neergelê dat godsdiens en onderwys bevorder moet word. By die owerheid kon om geldelike hulp aangeklop word vir die salaris van 'n onderwyser indien so 'n persoon gevind kon word. Gebrek aan geld, politieke probleme van die Vrystaatse Republiek en algemene onderontwikkeldheid het egter meegebring dat van daardie wens van die Volksraad op die platteland so te sê niks tereg gekom het nie.


In Bultfontein se omgewing het beplande onderwys weinig aandag geniet voor 1880. Teen 1874 het 'n sekere mnr. James 'n private sondagskooltjie gehou. Die kinders moes uit Sankey se Kinderharp bepaalde nommers leer tesame met Bybelverse. Ongeveer hierdie tyd het 'n mev. Strating ook 'n privaatskooltjie gestig.

Op 4 Februarie 1876 met die inwyding van die eerste kerkgebou op Bultfontein was die enigste inspekteur van onderwys in die Vrystaat, dr. John Brebner, ook teenwoordig en dit het hom verheug om so 'n groot aantal kinders by die plegtigheid te sien. Dit het sommige inwoners laat hoop dat daar spoedig 'n skool sou kom. Die volgende jaar sê die kerkraad egter in hulle godsdienstige verslag dat die gebrek aan onderwys swaar op die gemeente lê omdat daar nog nie 'n goewermentskool is nie en dít drie jaar nadat die Vrystaatse Volksraad by wyse van ordonnansie neergelê het dat in elke wyk en dorp minstens een onderwyser aangestel moes word met die nodige bekwaamheid om in Hollands sowel as Engels onderrig te gee. Die ingesetenes van die wyk Bultfontein het toe besluit om drie rondgaande skole te stig, maar dit het ook nie tot uitvoer gekom nie.

In 1878 het die dorpsbestuur twee erwe vir onderwysdoeleindes aan die Volksraad aangebied en dit is ook bekend dat twee dogters (name onbekend) wat aan die dames-instituut Eunice van die N.G. Kerk gestudeer het as onderwyseresse in hierdie geweste gewerk het.

**Die Eerste Goewermentsonderwyser**

Eers in 1881 is die dienste van 'n goewermentsonderwyser, mnr. J. F. J. Kachelhoffer verkry. Met 15 leerlinge is 'n skool in die kerkgebou se konsistorie geopen. Die volgende jaar is 'n kamer by mnr. S. P. Cronje gehuur en was daar 18 leerlinge op die rol.




Mnr. F .v. Biljon (1882-1897)


**PERSONEEL EN LEERLINGE IN SKOOL 1884**




Agter: Martha Henning, Maria Cronjé, Jan Theunissen, Archie McCallum, Annie McCallum, Sannie Cranjé, Anna Theunissen, Johanna Theunissen, F. L. van Biljoen (skoolhoof).
Middel: Ben Hockley (voor.), Hester Henning, Juka Hockley, Annie Vogelsang, Cath v. d. Westhuizen, Lenie Claassen, Maria McCullum, Collie McCallum, Maria Vogelsang.
Voor: Connie Buck, Archie Buck, Tod Hockley, Herm van der Westhuizen, James le Clus, Edward le Clus.



Skool en skoolhuis — 1877



Mnr. S. F. Marais (1902-1904)



Mnr. S. W. Walters (1904-1912)

In Junie 1882 het Kachelhoffer Bultfontein verlaat; sy opvolger vanaf Oktober was mnr. F. L. van Biljon wat 26 leerlinge op sy register gehad het en vir 15 jaar die lig van die opvoeding hier versprei het. Die eerste goewermentskoolgebou is in 1884 voltooi en het gestaan waar die landdroskantoor vandag is. Mnr. Van Biljon het alleen gewerk tot in 1896 toe mej. J. Satchask sy taak kom verlig het as assistente. Talle ouers het in hierdie dae nie die wenslikheid en noodsaaklikheid van onderwys ingesien nie, want die seuns het tog maar gaan boer en daarvoor is geleerdheid nie as nodig beskou nie.

Daar was verskeie rondgaande skole in Bultfontein se omgewing in die negentigerjare. So 'n rondgaande skool was vir 'n jaar of wat op 'n bepaalde plaas sodat die kinders uit daardie omgewing dit kon bywoon en dan het dit weer na 'n plaas in 'n ander deel van die distrik geskuif. Dit was natuurlik 'n baie onbevredigende toestand. Ds. Winter was sekretaris van die skoolkommissie van Bultfontein en mhr. J. M. Theunissen die voorsitter. Die salaris van so 'n rondgaande onderwyser was R240 per jaar plus die skoolgeld wat leerlinge betaal het.

Daar was ook twee permanente buiteskole, een op Witfontein met mnr. Altena as onderwyser en een op Leeupan waar mnr. Foster die leerkrag was.

In 1895 het die Superintendent van Onderwys voorgestel dat onderwys verpligtend gemaak moet word en hy is sterk gesteun deur die sinode van die N.G. Kerk.

Sedert 1897 was skoolbywoning dan ook vanaf die tiende tot die sestiende jaar verpligtend, maar dit wil voorkom of heelwat ouers nie daaraan uitvoering gegee het nie. In Oktober van genoemde jaar is mnr. Van Biljon na Thaba Nchu; in 1900 is hy deur die Engelse magte gevange geneem en na Ceylon verban. Na die oorlog het hy teruggekeer en in die Kaap onderwys gegee totdat hy in 1907 weer 'n pos by die plaasskool Grootpan in Bultfontein se distrik aanvaar het. Hoe lank hy hier gewerk het, kon nie vasgestel word nie, maar later het hy na Brandfort verhuis.

Daar kon nie dadelik 'n hoofonderwyser in Van Biljon se plek gevind word nie. Mnr. S. F. Marais het eers in 1899 in die hoedanigheid diens aanvaar en mej. A. van Niekerk was sy assistente. In dieselfde jaar het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek wat die onderwys totaal ontwrig het. Die skool is tydelik gesluit, kinders is weggeneem konsentrasiekampe toe en besonderhede oor hierdie tyd ontbreek.

**'n Nuwe Regering.**

Die Vrystaatse Republiek het sy onafhanklikheid verloor gedurende die Tweede Vryheidsoorlog en die Britse beleid was om onder meer deur middel van die onderwys die Afrikaner te verengels. E. B. Sargent, die direkteur van onderwys, het in 1903 aan lord Milner voorgestel dat veral groot getalle onderwyseresse uit Engeland ingevoer moes word om aan die kinders van die verowerdes, van wie talle in konsentrasiekampe was, onderwys te gee en hulle die imperiale ideale te leer. Aan die versoek van Sargent is dadelik uitvoering gegee en die verset van die Afrikaner neem dié vorm aan dat hy sy eie skole stig. In bittere armoede kom die C.N.O.-skole tot stand as 'n teenvoeter vir die regeringskole.

Op 26 Januarie 1904 het die regeringskool na die oorlog heropen met 50 leerlinge op die rol. Die nuwe hoofonderwyser was mnr. S. W. Walters wat eers op Kareespruit 'n plaasskoolonderwyser was en oorspronklik van Porterville kom. Sy assistente was mej. Shewan (Engels).

Op 19 Julie 1904 het ook op Bultfontein 'n C.N.O.-skool tot stand gekom. Mev. ds. Pienaar B.A. het sonder salaris in die karhuis van die pastorie die skool begin en die skool is later deur mnr. A. Marais oorgeneem en onder moeilike omstandighede in die lewe gehou. 'n Sinkgebou is as klaskamer opgerig. Dit het later die kerksaal geword en het algemeen bekend gestaan as die bliksaal. Op 24 Julie 1905 het hierdie skool en die staatskool weer verenig en het die leerlingtal opgeskiet na 101.

Mnr. A. Marais het terselfdertyd diens aanvaar as vise-hoof en sodoende het die skool die status van 'n driemanskool gekry en voor die einde van die jaar is 'n vierde personeellid toegeken. Van owerheidsweë het die vergunning gekom dat Nederlands naas Engels onderrig is.

Mnr. Walters was skoolhoof op Bultfontein tot September 1912. Omdat sy kwalifikasies nie voldoen het aan die vereistes vir 'n hoof van 'n dorpskool nie het

## PERSONEEL EN LEERLINGE VAN SKOOL, 1910



hy weer 'n gewone assistent geword. Inspekteurs Elffers en Noaks was nooit juis baie gelukkig oor die gehalte werk gelewer in hierdie tyd nie. Wisselvallige en swak opgeleide personeel tesame met uiters ongereëlde skoolbesoek aan die kant van die leerlinge was daarvoor verantwoordelik. Veral die seuns het tydens die ploeg- en oesseisoene vir aansienlike tye uit die skool gebly.

In Junie 1907 het die kerkraad van die N.G. gemeente 'n stuk grond aan die bo-punt van Rivierstraat (tans President Swartstraat) beskikbaar gestel vir 'n nuwe skool, maar die skoolkommissie het 'n ander terrein gevra en so is die huidige skool-grond geskenk.

Enkele besondere gebeurtenisse tydens hierdie periode was o.a. die stigting van 'n privaatskool in 1908 deur opstandige ouers wat ontevrede was oor verpligte skool-geld wat betaal moes word; die bou van 'n nuwe skool van 3 klaskamers wat op 30 Mei 1911 ingewy is en die feit dat in 1911 die eerste leerlinge vir die juniorsertifikaat-eksamen ingeskryf is. Genoemde 3 klaskamers is vandag nog in gebruik; dit is die klipgedeelte van die huidige skool teenoor die hoofingang vanuit Stofbergstraat.

**Die Dekade na Uniewording**

Met die aanvang van die vierde kwartaal nl. op 8 Oktober 1912 het mnr. F. J. le Roux B.A. diens as skoolhoof aanvaar en hy het die leisels gehou tot 25 September



Mnr. F. J. le Roux, 1912-1914

1914. Hy was die eerste gegradueerde onderwyser op Bultfontein en die eerste wat die skool se rekords in Nederlands begin aanteken het.

Interessante feite uit die kort termyn van mnr. Le Roux is dat twee kandidate in Desember 1912 vir die matrikulasie-eksamen ingeskryf is. Hulle was nie suksesvol nie en so-iets is nie gou weer aangedurf nie. In 1913 word ook melding gemaak dat die seuns reeds rugby begin speel het en die dogters hokkie en "mandjiebal", m.a.w. mnr. Le Roux was die vader van georganiseerde sport by die skool. Al die leerlinge bokant St. 5 was ouer as sestien jaar volgens 'n aantekening van die hoof in 1913. Drie klaskamers plus 'n houtwerkkamer is in dié jaar by die skool aangebou.

Mnr. P. van N. du Toit B.A. het die vorige hoof opgevolg vanaf Oktober 1914 tot Julie 1918. Die jaar 1914 was van die moeilikste wat die skool in sy geskiedenis

**Skoolpersoneel 1914**



Agter: Mej. Gewen Maeder, mnr. Marais.
Middel: Mnr. Walters, F. J. le Roux (hoof), mevr. Higgins.
Voor: mejj. Rorich en Louw.

deurgemaak het. 'n Ernstige droogte het die skoolrol aanmerklik laat krimp. In Augustus het 'n maselepidemie soveel leerlinge platgetrek dat daar op 'n dag slegs 29 uit die totale 126 leerlinge op skool was en om alles te kroon was dit die jaar van rebellie. In November is van die onderwysers gekommandeer vir die oorlog en ook van die groter seuns het by die kommando's aangesluit. Die skool is gesluit omdat die gebou as hospitaal gebruik moes word. Dit was egter nie nodig nie en op 27 November is die klasse weer hervat. Die orige jare van mnr. Du Toit se verblyf het niks besonders opgelewer nie; die skoolwerksaamhede het sy gewone roetinegang gegaan.

Toe mnr. Du Toit op 31 Julie 1918 die prinsipaalskap van Harrismith aanvaar, is die pos geadverteer en ds. A. J. L. Hofmeyer B.A., afkomstig van Wynberg waar hy teëspoed in die bediening gekry het, is aangestel. Net 3 dae nadat hy diens aanvaar



Mnr. P. van N. du Toit (1914-1916



Ds. A. J. L. Hofmeyer, 1920-1921

het, nl. op 11 Oktober is die skool tot die einde van die jaar gesluit sodat die gebou as hospitaal kon dien tydens die griepepidemie.

In Januarie 1919 het die skoolrol vir die eerste keer die 200-kerf bereik en word 'n ernstige klaskamertekort gerapporteer. Die ou skooltjie en die kerk is gebruik om in skool te hou en in 1920 is 'n aanvang gemaak met uitgebreide aanbou. Dit is die blouklipstruktuur wat vandag nog die kern van die gebouekompleks van die skool vorm. 'n Ander betekenisvolle feit is dat Afrikaans as moedertaal in 1920 geïmplementeer is i.p.v. Nederlands in die skole. Voorts is die eerste tennisbaan by die skool aangelê; dit het R16 gekos. In Junie 1921 het ds. Hofmeyer sy dienstyd beëindig en toe was die getal personeellede al elf stuks.

**Jare van Bestendige Groei**

Mnr. A. Marais, wat in 1905 reeds by die personeel aangesluit het, het as hoof waargeneem tot die einde van 1921. Die skool het ook in daardie jaar 'n st. 9-klas van ses leerlinge gehad en dit was die ernstige strewe om voortaan tot matriek op te lei.

Mnr. D. P. Britz B.A. het in 1922 die nuwe skoolhoof geword. Hy is die eerste wat die gebeure in die skool se dagboek in Afrikaans begin opteken het. Die leerlingtal was toe 259 en behoorlike losiesgeriewe het 'n dringende behoefte geword. Daar was 'n groot aantal plaasskole in die dae soos Cyferfontein (wat tot die einde van 1973 nog bestaan het), Draaihoek, Excelsior, Libertas, Elizabethsdraai, Maartensrus, Skoongesig, Valsfontein, Williemoor, Genade, Vrydam en Weltevrede. Die kinders wat uit hierdie skole na st. 6 die dorpskool wou besoek, het gesukkel om verblyfplek te kry. Die saak is na die kerkraad van die N.G. Kerk geneem wat drie erwe, nommers 417, 426 en 471, geskenk het vir 'n koshuis en besluit het om 'n bedrag van R6 000

te vind. Mnr. C. J. Bornman het die geld teen 7% rente aan die kerkraad geleen en so is die eerste gedeelte van Langverwagkoshuis opgerig.

In die onderwysverhaal van Bultfontein was 1924 'n besondere jaar. Op 1 Mei was die aanbou by die skool wat in 1920 begin het, voltooi! Die skool het nou beskik oor 11 gewone klaskamers, 'n laboratorium en 'n houtwerkkamer. Vir die eerste keer sedert die Tweede Vryheidsoorlog was al die klasse onder dieselfde dak! Die personeel het van petrolkissies vir hulle sitplekke gemaak om in die personeelkamer te gebruik uit vreugde vir so 'n weelde. Die administrateur, mnr. E. R. Grobbelaar, en skoolinspekteur J. van Schalkwyk (vir baie jare die rondganginspekteur hier) is genooi om die inwydingsfunksie van die skool op 13 Junie by te woon.

Mnr. Britz se verblyf op Bultfontein was slegs drie jaar, maar toe hy aan die einde van 1924 vertrek, getuig die inspekteur dat die gehalte van die skool se werk onder sy bekwame leiding met 100% verbeter het. Daarom was Bultfontein nie verbaas toe hy later die onderwyshoof van die provinsie geword het nie.

Aan die begin van 1925 kom mnr. J. H. Viljoen, B.A. op Bultfontein as skoolhoof. In dieselfde jaar is die koshuis voltooi en het mnr. A. Marais die tuig neergelê as vise-hoof na 20 jaar diens by hierdie skool. (Die volgende jaar het 'n ander veteraan na 22 jaar diens alhier uitgespan, nl. mnr. S. W. Walters.) Mnr. Viljoen was lief vir bome en het 1 052 bome op die skoolterrein laat plant. 'n Paar van die bloekoms het tot vandag toe oorgebly.

Die skool was ongelukkig om aan die einde van 1927 sy voorreg te verloor om tot matriek op te lei. Dieselfde jaar het mnr. Viljoen ook bedank toe sy belangstelling in die politiek daartoe gelei het dat hy verkies is as L.V. vir Hoopstad. Hy het steeds daarna opgang gemaak en in die vyftigerjare Minister van Onderwys geword.



Mnr. D. P. Britz, 1922-1924



Mnr. J. H. Viljoen, 1925-1928

## Die Vordering word Versnel

Op 22 Januarie 1928 is mnr. C. J. Swart, B.A. op Bultfontein verwelkom. Hy sou aan die spits staan tot 1945 en het in formaat as onderwysman uitgestyg bokant baie kollegas wat die pos beklee het. Hy was 'n knap onderwyser en geesdriftige sportman en sy jare was jare van sukses vir ons skool.

In die vroeë dertigerjare was sangkompetisies gewild en Bultfontein se skool het 'n paar keer die skild in sy omgewing gewen. In 1934 is die Voortrekkerbeweging by die skool gestig. In 1935 het die skool die blye nuus ontvang tydens 'n besoek van mnr. (later dr.) S. H. Pellisier, Direkteur van Onderwys, dat 'n matriekkursus weer aangebied mag word. Die skool het die status van 'n klas II-hoërskool gekry en in 1936 het die eerste standerd tiens onder die nuwe bedeling eksamen gedoen.

Die jare 1936 tot 1940 was 'n glorierydperk vir die skool. Die matrieks het 3 keer in die vyf jaar almal geslaag; die eerste tussenskoolse atletiekbyeenkoms waaraan agt skole deelgeneem het, is in 1937 op Bultfontein gehou; mnr. Swart het die M.Ed.-graad verwerf; 'n suksesvolle rugbytoer deur Oos-Kaapland is dieselfde jaar onderneem en weer in 1940 herhaal. Vanaf 1937 is begin om leerlinge uit die distrik elke dag per skoolbus in te bring dorpskool toe as gevolg waarvan die skoolrol vir die eerste keer die 300-kerf verbygesteek het. In 1939 het die skool eenvormige skooldrag ingevoer en is die sakwapen met die leuse Carpe Diem ontwerp. Die sterkte van die onderwyspersoneel was reeds 15 in 1940. In 1941 is 'n gewaardeerde middelbare onderwyser, mnr. J. P. A. Hugo, sedert 1922 aan die personeel verbonde, oorlede.



B. H. Becker

## Bultfonteinse Skoollied

As die somer eers kom en die vaalheid verdwyn,
as die gras dan weer groen teen die bulthange skyn
dan is daar geen wêreld so mooi en so rein
as die vlaktes en velde van ons Bultfontein.

### Refrein

Pluk die dag, pluk die dag —
ons leuse getrou,
in ons groen en ons blou,
met ons klipsteengebou,
sê ons: Hoera! Hoera! Hoera!
Hoera, vir ons skool,
Hoera, vir ons dorp,
Hoera, vir ons groen, hoera, vir ons blou!
Hoera, vir ons dierbare klipsteengebou!

---

En ons skool hou ons hoog, soos ons velde so skoon
is die strewe en drang wat in ons harte bly woon,
met ons leuse reg helder uit ons dade bly straal
om die beste, die sterkste uit ons lewens te haal.

C M v d Heever
19/8/1952

1952

[illegible]
Hoof.

Skoollied in handskrif van C. M. van den Heever

Die eerste klompie jare van die veertigerperiode is gekenmerk deur fondsinsamelingsfunksies om 'n skoolsaal te bou. Drie nuwe klaskamers is in 1942 ingewy en R800 (wat 'n reusebedrag vir die tyd was) is geïn by wyse van 'n basaar. Hierdie prestasie is die volgende jaar herhaal. Ook by wyse van konserte is geld bymekaar gemaak. (In 1943 het mnr. J. H. Wright wat tans nog hier in die tuig is op Bultfontein begin onderwys gee.)

Toe mnr. Swart aan die einde van die eerste kwartaal van 1945 Bultfontein verlaat, was die gemeenskap spyt, want die skool het onder sy wakker leiding 'n goeie naam verwerf. Die hoofskap is aan mnr. B. H. Becker, B.A. wat toe reeds 'n aantal jare al vise-hoof en 'n staatmaker van die personeel en in die gemeenskap was, toegeken. Die leerlingtal het daardie jaar ook gestyg tot oor 400 en 'n sestiende personeellid, mnr. H. L. B. Mostert, wat vanjaar aftree, is aangestel.

Twee belangrike gebeurtenisse het tydens mnr. Becker se dienstyd plaasgevind, nl. die inwyding van 'n vleuel van Langverwagkoshuis in Julie 1946 en die inwyding van die skoolsaal in Maart 1949.

Prof. D. P. Britz, 'n vorige hoof, het die inwydingsrede gelewer. In 1950 is die groen skooldrag van die dogters as somerdrag gekies.

**Die Tweede helfte van die Twintigste Eeu**

Met die oorlye van mnr. Becker in 1950 was die sekondêre afdeling van die skool nog steeds laer as 100. Mnr. P. I. Geyer, B.A. het die hoofskap in 1951 aanvaar en slegs een jaar hier gebly. Hierdie jaar sal onthou word omdat 'n groot skoolkermis



Mnr. C. J. Swart (1929-1945)



Mnr. P. J. Geyer (1951)

gehou is en omdat die kerkraad van die N.G. kerk besluit het om 'n nuwe pastorie te bou en die ou pastorie te omskep in 'n skoolkoshuis, Nelieshof.

Aan die begin van 1952 het mnr. S. G. Pretorius, B.A. die leiding van die skool op hom geneem en stewig voortgebou om die karakter van die skool te bestendig en dit 'n voortreflike onderwysinrigting te maak. In sy eerste jaar is die Voortrekkerbeweging, wat vroeër doodgeloop het, herstig, die skooldrag is opnuut gewysig na die streepkleurbaadjie wat vandag nog die trots van die skoliere is, twee betontennisbane is gebou en die skoolrol styg tot 500. Op 18 September ontvang die skool sy skoollied, gedig deur prof. C. M. van den Heever en getoonset deur dr. A. Koole.

Die volgende jaar is die eerste kunswedstryd op Bultfontein georganiseer onder beskerming van die Helpmekaar Kultuurvereniging, maar van stapel gestuur deur die skool. Die eerste skooljaarblad is ook in 1953 uitgegee, drie monteerklaskamers is opgerig en die sekondêre afdeling haal 107.

In 1955 is vier nuwe klaskamers by die skool aangebou en mnr. W. P. van Niekerk, die huidige adjunk-hoof, is aangestel as vise-hoof. Verdere bewyse van die lewenskragtigheid van die skool is die feit dat dit die klas I-status met 'n personeel van 27 verwerf in 1956, dat huishoudkunde as vak by die kurrikulum gevoeg is en dat by die Nelieshofkoshuis 'n nuwe blok aangebou moes word om die vinnigstygende leerlingtal te huisves. Sommer net die volgende jaar het die N.G. kerkraad besluit om R30 000 by die Onderwysdepartement te leen om ook die seunskoshuis, Langverwag, te vergroot en hierdie aanbou was nog nie voltooi nie toe 'n verdere R1 600 geleen is om 'n monteergedeelte by Nelieshof op te rig. By die skool moes monteerklaskamers en 'n permanente kindertuinblok opgerig word om vir die benodigde ruimte te sorg.

Vanaf 1956 het die gehalte van die skool se atletiek 'n besondere peil bereik. Met die tussenskoolse byeenkoms op Bloemfontein in 1957 is die trofee vir O.13-seuns gebuit en was Fanie van Wyk die ster in die 400 meter. Twee jaar later is die trofee vir O.15-seuns gebuit en is 3 Bultfonteinse atlete in die Vrystaatse Skolespan ingesluit. Die atletiekdag van die skool het 'n groot aantrekkingskrag vir die publiek geword en 'n geleentheid gebied om fondse in te samel. So is in 1957 die mooi bedrag van R800 by die geleentheid geïn. Ook op die gebied van rugby, netbal en boks het die skool goed rekenskap van homself gegee.

In 1959 is 'n rugbytoer deur Oos-Kaapland onderneem met die nuwe Chevroletskoolbus wat aan die einde van 1958 aangekoop is. Groot was die trots toe 'n oudskolier, Sussie Esterhuizen, in 1957 haar springbokkleure in netbal verwerf het.

Die jaar 1959 het die verwesenliking van 'n groot ideaal van mnr. Pretorius meegebring: die skool het heropen met 600 ingeskrewe leerlinge! Maar die jaar het ook verandering gebring. Mnr. Pretorius het die hoofskap van die primêre skool Wilgehof aanvaar en na die wintervakansie nie weer teruggekom nie. Tans is hy inspekteur van onderwys in die Vrystaat. Sy mantel het op mnr. M. N. Breytenbach M.A., wat toe skoolhoof op Koffiefontein was, geval. Hy beklee in hierdie feesjaar nog die pos en slegs mnr. Van Biljon, die tweede hoof, was dus langer in die hoedanigheid op Bultfontein.

Die skool se bedrywigheid die afgelope veertien jaar kan kortliks onder die volgende hoofpunte saamgevat word:



Mnr. S. G. Pretorius, (1952-1959)



M. N. Breytenbach (1959 —)

**Akademiese werk:** Die jare van die sestigerdekade is byna almal gekenmerk deur die baie goeie uitslae behaal deur die standerd agt- en tien-klasse. Verskeie jare het dit gebeur dat in albei klasse al die kandidate geslaag het en van die beste prestasies in matriek in die skool se geskiedenis is gelewer deur Essa Combrinck (1965) en Isak Mostert (1968) wat albei vier vakonderskeidings behaal het en Oelof Badenhorst (1969) wat in vyf vakke A-simbole verwerf het. Daarbenewens het verskeie ander kandidate met onderskeidings geslaag en is die skool se gemiddelde peil steeds stewig bokant die gemiddelde van die provinsie.

**Sport:** Hentie Joubert het in 1960 Bultfontein se skool in die kalklig gebring toe hy eers die gesogte Magdel Myburgh-trofee met 'n pragvertoning oor die 400 meter verower en later toe hy en Jaap Mostert aan die S.A. Kampioenskappe deelneem, het hy sy S.A. rekord oor die afstand verbeter na 47,9 sek. waarmee hy deurdring na die Olimpiese proewe. Lof aan mnr. Hennie Page wat in daardie jare die hoofatletiek-afrigter van die skool was.

'n Suksesvolle jaar was ook 1962. Bultfontein het van die weinige skole geword wat die Sol Harris-trofee vir O.19-seuns in die Vrystaat gewen het. Twee van ons atlete, Org Prinsloo en Paul Vorster, het ook mooi gepresteer tydens die S.A. kampioenskappe. In 1963 is 'n ander atletiekideaal verwesenlik toe Bultfontein die inspekteurswykbyeenkoms wen; iets wat die afgelope tyd die reël geword het. Ons atlete lewer vertonings om gelukkig oor te voel en nog die afgelope jaar was Paula Bornman en Herman van Rensburg lede van die Vrystaatse atletiekspan wat aan die S.A. junior kampioenskapsbyeenkoms deelgeneem het.

In die wintersportsoorte, rugby en netbal, het Bultfontein 'n gedugte krag geword en is die genot die afgelope twee jaar verhoog met toere na Transvaal in Julie. Landloop het ook begin inslaan en word met erns beoefen deur 'n klompie atlete. Christa Oosthuizen is gekies as lid van die S.A. juniortoerspan in 1971 en haar suster Johanna was in 1973 lid van die S.A. juniorlandloopspan. Paula Bornman was ingesluit in die Vrystaatse span wat in 1972 eerste gekom het in die S.A. landloopkampioenskapsbyeenkoms.

'n Karateklub is in 1969 gestig en dit wek steeds lewendige belangstelling by 'n groep seuns van wie verskeie al die eer te beurt geval het om provinsiale kleure te verwerf. Ook die swemgehalte styg bestendig. In 1973 kon ons vir die eerste keer spog met twee verteenwoordigers in die Vrystaatse swemspan, Riaan Joubert en Marlene Pretorius.

Op die gebied van tennis het daar ook geleidelik vordering gekom. Twee puik bane is in 1971 voltooi deur bemiddeling van die stadsraad en ywer van die skoolkommissie. Die tennishuisie is deur die personeel self opgerig. Vanaf 1970 is begin om tennisspanne vir skoleligas in te skryf en in 1972 het ons die vreugde gesmaak dat ons dogterspan die liga vir O.18 dogters van Noordwes-O.V.S. gebuit het.



Lugfoto van Skoolgeboue

**Terrein en geboue:** Die skoolkommissie en ouers van Bultfontein was te alle tye bereid om hulle volle gewig in te gooi ter verbetering van die skoolterrein. Gedurende die afgelope twaalf jaar is die bloekombome voor die skool uitgehaal, tonne grond ingery, gras en struike geplant, gedeeltes geteer en die hele skoolgrond omhein.

Namate die leerlinggetalle konstant gegroei het, was dit van tyd tot tyd nodig om die geboue uit te brei. In 1963 is twee kindertuinkamers aangebou en asbeslokale opgerig; in 1968 kon 'n nuwe administrasieblok, laboratorium, latrinegeriewe en klavierkamers ingewy word deur mnr. A. G. S. Meiring, direkteur van onderwys en oud-skolier van Bultfontein; in 1972 is 'n moderne biblioteek, sangkamer, hulpklaskamer en huishoudkundeblok in gebruik geneem en ander omskeppings gedoen sodat die gebouekompleks tans 35 onderriglokale huisves, afgesien van kantore, klavierkamers, stoorruimtes, ens.

**Algemeen:** In September 1960 is begin om vir die seniorleerlinge toere te reël wat 'n jaarlikse instelling geword het. Die Drakensberge, die Krugerwildtuin, Namakwaland en besoeke aan die see is voortdurend afgewissel. Ook verskeie toere is deur geskiedenisleerlinge, handelleerlinge en primêre klasse onderneem.

In 1969 het die skool 'n bus gekoop wat meer as sewentig leerlinge kan dra en in 1971 is 'n mikrobus bygekoop wat 15 passasiers kan vervoer.


Die fondsinsamelingsfunksies by geleentheid van die atletiekdae is steeds op groter skaal georganisseer. Dit het die gebruik geword om een of twee beeste, meer as dertig skape en 'n paar varke te slag, wat die inkomste jaar na jaar tot 'n nuwe rekordbedrag laat styg het. In 1973 het dit R1 900 oortref. Spesiale vermelding verdien die insamelingsveldtog vir 'n swembad in 1960 wat R9 028 opgelewer het.

Wat spaarsin betref, het die skool 'n besondere rekord. Vanaf 1963 tot 1969 het die skool elke jaar die J.W. du Plessis-spaarskild verower sodat dit die skool se eiendom geword het. 'n Nuwe skild, geskenk deur die Vrystaatse Volksraadslede het die een van die administrateur vervang in 1970 en nog geen ander skool as Bultfontein s'n het die eer gehad om dit te verower nie.

Intern het verskeie veranderinge gekom. 'n Hulpklas is in 1965 begin en vanaf 1967 is vakonderwys by sts. 4 en 5 toegepas — 'n beginsel wat vandag algemeen geld. Die vakkeuses en vakkombinasies is aansienlik uitgebrei en met die koms van gedifferensieerde onderwys bied die skool ook 'n praktiese handelskursus van hierdie jaar af aan.

Die skool se status het sodanig ontwikkel dat hy in die kategorie van die grootste klas skole van die provinsie val; derhalwe is 'n adjunkhoofpos plus twee vise-hoofposte toegeken. Mnr. W. P. van Niekerk beklee die adjunkpos, mnr. J. C. P. Brits die sekondêre visehoofpos en mnr. S. J. J. Coetzee die primêre visehoofpos.

Op die breë kultuurterrein staan die skool sy plek vol en gee dit dikwels die toon aan. Met die Krugerdagfeesvieringe het die skool meesal die leeue-aandeel in die program; met groot feeste soos die uniefees en republiekfees was dit die skool wat tot die aanskoulikheid van die aanbiedinge bygedra het. Elke jaar neem leerlinge aan kunswedstryde deel en in 1973 is plaaslik weer een van groot omvang suksesvol van stapel gestuur. Die operettes, sangfeeste en skoolkonserte dra die stempel van deeglike afronding en programme van gehalte word aangebied. Van ons leerlinge


Skolieregetal
Getal in honderde
0
1
2
3
4
5
6
7
8
1904
1914
1924
1934
1944
1954
1964
1974
Jaartal

is van tyd tot tyd lede van die Vrystaatse jeugkore, (Hennie Kotzé 1971, Elphia Ras 1972, Apie Otto 1973, Lida du Pisanie 1974) en jeugorkeste (Tinus en Isa Prinsloo wat ook die eer te beurt geval het om in 'n oorsese reisgroep na Switserland ingesluit te word). Ons leerlinge woon verskeie leierskursusse by en in 1972 is 'n jeugkonferensie deur die plaaslike skool aangebied wat 'n besondere trefkrag gehad het. Die A.C.S.V. het 'n heilsame invloed op geestelike gebied en groot getalle van die vereniging se lede woon elke jaar Bybelstudiesaamtrekke by.

Wat koshuisaangeleenthede betref, voel ons baie gelukkig dat reeds 'n aanvang gemaak is met 'n gebou wat 260 kosgangers sal huisves en wat seker by voltooiing R1 miljoen sal kos.

Die verdwyning van die ou skoolgebou is sonder twyfel ook al in sig. Vir meer as 70 jaar het 'n gedeelte daarvan gedien en in terme van moderne standaarde is dit nie meer doeltreffend nie.

Meegaande grafiek toon die leerlingtal sedert 1904 in intervalle van vyf jaar. (Sien grafiek op bladsy 120).

Weinig plattelandse skole het so 'n groeiende tendens. Vanaf 1904 het die skoolrol toegeneem van 101 tot 760 in 1973. Die dalende neiging tussen 1924 en 1929 is heelwaarskynlik die nagevolge van die griepepidemie in 1918 wat die aantal beginnertjies ses-sewe jaar later beïnvloed het.

Die verlede van 'n dorp en distrik draai vir 'n groot deel om sy opvoedkundige inrigtinge. Die permanente inwoners het meesal vir twee en meer dekades kinders op skool en word ingetrek in die ondernemings van so 'n inrigting. Van die ander opvoedkundige inrigting, die kerk, is hulle lewenslank lidmaat en word hulle gerig deur die prediking en die kerklike bedrywighede. Vir elke geslag word die eise steeds toenemender omdat die ontwikkelingstempo van die mens met rasse skrede vorder en kennis derhalwe in dieselfde mate toeneem.

Mag die Sekondêre Skool Bultfontein altyd uitnemend daarin slaag om 'n gehalte te handhaaf wat vertroue inboesem en om sy leerlinge toe te rus vir die lewe.

CARPE DIEM.